Preprimêre Skool Senekal

Nasorg inligting

... sodat almal kan weet ...

Besterstraat
SENEKAL

preprimsenekal@gmail.com
http://www.pssenekal.co.za

PREPRIMÊRE SKOOL SENEKAL
REËLS VIR MIDDAGSORGGROEP

HARTLIK WELKOM

Toesighouer: Elsie Delport Selfoonnr.: 093 523 0394 Verjaardag: 10 Mei
Hulpwerker: Merriam Verjaardag: 25 April
NAVRAE OF PROBLEME OOR MIDDAGSORG: KONTAK JUFFROU CHANEL

BELEID

Slegs vir ingeskrewe leerders van kleuterskool, geen toevallige leerders nie.
Funksioneer kwartaalliks vir elke middag van 'n skoolweek.

MIDDAGSORG-SAK

Middagsorgbenodigdhede word in 'n APARTE sak gepak en NIE in die skoolsak nie.
Elke kleuter het 'n middagsorg-rakkie met sy/haar naam op.

MIDDAGETE

U pak SELF u kleuter se eie GESONDE middagete
Yskas vir die gebruik vir kos en drinkgoed
Mikrogolf beskikbaar waar toesighouer die kos kan opwarm

DRINKGOED EN VERSNAPPERINGE **GEEN lekkergoed!!**

BRING PER DAG:	Een klein botteltjie koeldrank vir etenstyd
	Een klein botteltjie water vir speeltyd
PEUSELKOS OM 15:00 TE EET:	Koekies en skyfies – GEEN LEKKERS!!
	Dit sal bloot verwyder word en met vertrek terugbesorg word

URE: 13:00 - 17:15 Geelklas is ook die middagsorgklas

VERTREKTYD

U kan deur die loop van die middag u kleuter kom afhaal.
SKOOLHEK MAAK DIE HEK TOE WANNEER U VERTREK
Laatkommers wat eers na 17:15 arriveer: R50 heffingsfooi op u rekening KLEUTERSKOOL-KORRESPONDENSIE Neem alle prente en korrespondensie in SKOOLRAKKIE en MIDDAGSORGRAKKIE asseblief huis toe

UITTEKENSTELSEL: ONTHOU OM ELKE DAG UIT TE TEKEN!!!

Veiligheid: Dit verwar ons personeel as u verskillende persone stuur om u kind af te haal. Stuur 'n boodskap per foon as u reëlings verander. Ons ken nie die mense nie en mag weier om u kind af te gee.

FOOIE VIR MIDDAGSORG IS VOORUITBETAALBAAR

*R300 adminfooi betaalbaar saam met AANSOEKVORM
Kleuter met uitstaande adminfooi kan nog nie middagsorg bywoon nie

*R_____	**oor tien maande, vooruitbetaalbaar**	
EERSTE KWARTAAL	1	Einde Januarie vir Februarie
	2	Einde Februarie vir Maart
TWEEDS KWARTAAL	3	Einde Maart vir April
	4	Einde April vir Mei
	5	Einde Mei vir Junie
DERDE KWARTAAL	6	Einde Junie vir Julie
	7	Einde Julie vir Augustus
	8	Einde Augustus vir September
VIERDE KWARTAAL	9	Einde September vir Oktober
	10	Einde Oktober vir November

BETALING VAN FOOIE OOR 10 MAANDE

*Verkieslik EFT
*Pos kontant in kantoor in houtkassie
*Die middagsorg toesighouers hanteer nie gelde nie
*Pos dit self in die houtkassie
KWITANSIES OP KENNISGEWINGBORD IN KOMBUIS
*Vir navrae oor u rekening kontak Nicolien Erasmus 082 388 0531
U bly verantwoordelik vir die volle bedrag per maand, al besoek u kleuter die nasorg op minder dae of is afwesig vir 'n tydperk
*Ouer moet dadelik KENNIS GEE indien ‘n kleuter middagsorg gaan staak anders kan u verantwoordelik gehou word vir een maand se gelde
*Kleuters met AGTERSTALLIGE middagsorggelde na 'n kwartaal, moet eers op datum gebring word alvorens bywoning van middagsorg hervat kan word

MIDDAGPROGRAM

Program funksioneer vir 'n GROEP Aangeheg vir u insae
GEEN SPEELGOED VANAF HUISE: dit skep te veel probleme en raak weg. KLEREDRAG: die kleuters bly in hul kleuterskooldrag
WhatsApp-GROEP: maak seker dat u selfoonnommer op die groep is sodat u al die inligting kan ontvang. Die WhatsApp groep is net bedoel vir inligting rakende u kind se middagsorg. Geen geselsies of advertensies.
AFWESIGHEDE: laat weet asseblief VROEGTYDIG op die WhatsApp-groep indien u kind afwesig gaan wees by middagsorg.

BUITEMUURSE AKTIWITEITE OP EIE RISIKO

ONS NEEM GEEN VERANTWOORDELIKHEID VIR U KLEUTER SE VEILIGHEID TYDENS BUITEMUURSE AKTIWITEITE NIE

Middagsorgpersoneel stuur nie kleuters na aktiwiteite nie.

'n Volwassene moet kleuter afhaal en terugbesorg en die register teken.

Afhaalgeleentheid moet hulle bystaan om sport- of balletklere aan te trek.

VOORSKOOLSE GRAAD R-WERK

Middagsorgpersoneel neem nie hiervoor verantwoordelikheid nie

VERVOER: Die middagsorgpersoneel neem nie u kleuter huis toe nie.

Hou die versorger op hoogte van wie u kleuter gaan afhaal, indien die normale reëlings verander.

OUER KINDERS: Laer- of hoërskoolkinders word nie op die terrein van middagsorg toegelaat nie, Indien welke kinders vir u as ouer moet wag, doen hulle dit op eie risiko aan die BUITEKANT van ons skoolterrein.

KUIERGASTE: Middagsorgpersoneel of kleuters word nie toegelaat om KUIERGASTE te hê tydens middagsorgure nie.

BUSKINDERS

SOGGENS

Die busse stop by Preprimêre Skool en die kleuters stap vandaar na hul lokaal.

KLEUTERSKOOLPERSONEEL IS VANAF 7:05 BESKIKBAAR EN NIE VROEËR NIE

BUSKINDERS SE KORRESPONDENSIE

Tref ‘n reëling met die busbestuurder en Juffrou vir afhaal van korrespondensie of foto’s wat u moet bereik.

MIDDAGSORG DAGPROGRAM

BUITESPELTYE IS BUIGBAAR
NA GELANG VAN WEERSOMSTANDIGHEDE

13:00	AANKOMS VAN VERSORGER INTEKEN IN REGISTER KLEUTERS UITTEKEN BY ONDERSKEIE KLASSE
13:10	TOILETROETINE EN HANDEWAS
13:10 – 13:30	MIDDAGETE
13:30 – 14:00	BUITESPEL: KLIM EN KLOUTER OPRUIM VAN ETENSTAFELS UITPLAAS VAN MATRASSIES
14:00 – 14:15	TOILETROETINE
14:00 – 15:00	RUSTYD of BOEKE. Ons verwag nie dat kleuters moet slaap nie, maar hulle moet rus **(U as ouer moet my inlig of u kind moet slaap of nie)**
15:00 – 15:15	WAKKER WORD vir dié wat wel geslaap het. TOILETROETINE
15:15	MATRASSIES WORD GEBÊRE
15:15 – 16:30	EET VERSNAPPERINGE
15:30 – 16:20	BUITESPEL: KLIM EN KLOUTER SPEELGOED BUITE-TAFELTJIES
16:20 – 16:30	BEKENDE GROEPSPELE, bv. handjies klap, ens. Balspele met sanitering OPRUIM BUITE
16:30 – 16:40	TOILETROETINE
16:40 – 17:15	KLEEDJIES OOR BINNE-TAFELS BINNESPEL: TEKEN LEGKAARTBOU BOEKE KYK TV indien dit nodig is, 1 kort storie OPRUIM BINNESPEL
17:00 – 17:15	KLEUTERS VERTREK
17:15	SLUIT EN VERTREK van Personeel